## Vreugde en blydskap

*(Afrikaanse ou vertaling)*

Joh 14:27

Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie.

---

*(Afrikaanse ou vertaling)*

Isa 55:12

**Want met *vreugde* sal julle uittrek en met *vrede* gelei word**; die berge en heuwels sal voor julle in gejubel uitbreek, en al die bome van die veld in die hande klap.

*(New King James Version)*

Is 55:12

**for you shall go out with *joy*, And be led out with *peace***; The mountains and the hills Shall break forth into singing before you, And all the trees of the field shall clap their hands.

---

*(Afrikaanse ou vertaling)*

Ps 42:1-3  Soos ‘n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God! My siel dors na God, na die lewende God; wanneer sal ek ingaan en voor die aangesig van God verskyn?

5 Wat buig jy jou neer, o my siel, en is onrustig in my? Hoop op God; want ek sal Hom nog loof—die verlossing van sy aangesig!

---

*(New King James Version)*

Ps 51

10 Create in me a clean heart, O God, And renew a steadfast spirit within me.

11 Do not cast me away from Your presence, And do not take Your Holy Spirit from me.

**12 Restore to me the joy of Your salvation**, And uphold me by Your generous Spirit.

---

## Swaarmoedigheid

*(Afrikaanse ou vertaling)*

Mat 11:28 - 30

Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. 29 Neem my **juk** op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; 30 want my **juk** is sag en my **las** is lig.

*(New King James Version)*

Isa 61:3
To console those who mourn in Zion, To give them beauty for ashes, The oil of joy for mourning,
**The garment of praise for the spirit of heaviness**;
That they may be called trees of righteousness,
The planting of the LORD, that He may be glorified.

*(Lewende Woord)*

Isa 61:3
Vir elkeen wat rouklere dra in Israel **gee Hy feesklere** om aan te trek. Hy gee vreugde in die plek van hulle hartseer, ‘n **loflied in plaas van hulle moedeloosheid**. Hulle eerlikheid sal so vas staan soos stewige akkerbome wat deur die Here self geplant is, dié wat hulle sien, sal die Here eer gee.

# Wat is lofsang?

**Lofsang – oor wie God is en wat Hy vir ons gedoen het**

- **yâdâh** – skiet hande uit / shoot out hands (Ps 9)
- **zâmar** – bestryk met vingers / striking with fingers (Ps 21:13, Ps 57:7)
- **tehillâh** – lof gesang / praise anthem (Ps 35:28)
- **hâlal** – om te skyn, te spog, en daarom om dwaas, simpel en verspot voor te kom / to shine; to boast; and thus to be (clamorously) foolish; to rave; stultify = appear stupid, inconsistent, or ridiculous. (Ps 113:1)
- **shâbach**– met ‘n luide en harde stem / with loud voice (Ps 117:1)
- **shebach**– om op te hemel en te verhewe / to adulate, put on a pedestal (Dan 4:37)

**Jubelend**

- **śâmach** – om bly te wees / to be glad
- **śûś śîyś** – verheug, om helder en opgewek te wees / to be bright, that is, cheerful
- **rânan** – om uit te skree as gevolg van vreugde / to shout aloud for joy (Deu 32:43 )
- **ʽâlats** – spring op en af van blydskap / jump for joy, that is, exult (1 Ch 16:32 )
- **gîyl gûl - gheel, gool** – tol in die rondte (onder die invloed van hewige emosie) / to spin around (under the influence of violent emotion)

*(Lewende Woord)*

Sef 3:17 Die Here julle God is by julle, die magtige Oorwinnaar wat julle red. Hy is gelukkig en vol vreugde **[śûś śîyś ]** oor julle en sal julle weer sy liefde bewys. Hy sal sing van blydskap **[gîyl gûl ]** oor julle.

*(New King James Version)*

Zep 3:17 The LORD your God in your midst, The Mighty One, will save; He will rejoice **[śûś śîyś ]** over you with gladness, He will quiet you with His love, He will rejoice **[gîyl gûl ]** over you with singing."

# Definsie van “aanbidding”

Ou testament:

- **shâchâh** – vereer, neerbuig, val plat op aangesig / reverence, bow down, fall down flat

Nuwe testament:

- **proskuneo** – leun vooroor om te soen / lean forward to kiss

# Aanbidders of aanbidding?

Joh 4:23-24 Maar daar kom ‘n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in **gees en waarheid sal aanbid**; **want die Vader soek ook mense** wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.

## Begin by verhouding

*(Lewende Woord)*
Gen 3:8 Skielik hoor hulle die Here waar Hy in die tuin in die aandwindjie **loop**

*(Afrikaanse ou vertaling)*
Joh 1:14 En die Woord het vlees geword en het onder ons **gewoon**—en ons het sy heerlikheid aanskou, ‘n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid.

*(Afrikaanse ou vertaling)*
Op 21:3 En ek het ‘n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die **tabernakel van God is by die mense**, en **Hy sal by hulle woon**, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.

## Dis nie kitskoffie nie

Jer 29:11 -14 Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle ‘n hoopvolle toekoms te gee. Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister. **En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart. En Ek sal My deur julle laat vind, spreek die HERE**, en julle lot verander en julle versamel uit al die nasies en uit al die plekke waarheen Ek julle verdryf het, spreek die HERE; en Ek sal julle terugbring na die plek vanwaar Ek julle in ballingskap weggevoer het.

*(Afrikaanse ou vertaling)*
Psa 63:1-5 …**o God, U is my God, U soek ek;** my siel dors na U, my vlees smag na U, in ‘n dor en uitgedroogde land, sonder water…

*(Lewende Woord)*
Ps 63:1-6 …o God, U is my God, **ek verlang na U, my hele wese smag na U;** soos hierdie dor en verdroogde landstreek na water smag, so verlang ek ook om U in U heiligdom te sien en U mag en grootheid te ondervind. Ek sal U prys omdat U getroue liefde meer beteken as die lewe self. Ek sal U prys so lank ek lewe en ek sal U altyd aanbid….

*(New King James Version)*
Ps 63:1-5…O God, You are my God; **Early will I seek You; My soul thirsts for You;** My flesh longs for You
In a dry and thirsty land Where there is no water…

*(Afrikaanse ou vertaling)*
2 Sam 6:12-15
En toe aan koning Dawid meegedeel is: Die HERE het die huis van Obed-Edom en alles wat aan hom behoort, geseën ter wille van die ark van God, het Dawid gegaan en die ark van God met vreugde uit die huis van Obed-Edom na die stad van Dawid gebring. En toe die draers van die ark van die HERE **ses treë geloop het, het hy ‘n bees en ‘n vetgemaakte kalf geoffer. Daarby het Dawid met alle mag gedans voor die aangesig van die HERE**; en Dawid was omgord met ‘n linneskouerkleed. So het Dawid en die hele huis van Israel dan die ark van die HERE met gejuig en basuingeklank opgehaal.

*(Afrikaanse ou vertaling)*
Jes 55:9
Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes.

## ‘n Ware aanbidder…

1. **In alle omstandighede**

*(Afrikaanse ou vertaling)*
1Sam 30:6
En Dawid het dit baie benoud gehad, want die manskappe het gepraat om hom te stenig; want die siel van al die manskappe was verbitterd, elkeen oor sy seuns en sy dogters; **maar Dawid het homself versterk in die HERE sy God.**

(*Afrikaanse ou vertaling)*

Hab 3:17-19

Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie — nogtans sal ek jubel in die HERE, ek sal juig in die God van my heil. Die HERE Here is my sterkte, en Hy maak my voete soos dié van herte, en Hy laat my tree op my hoogtes.

**Ook as dit goedgaan**

*(Afrikaanse ou vertaling)*

Jes 42: 8 Ek is die HERE, dit is my Naam; **en my eer sal Ek aan geen ander gee**, of ook my lof aan die gesnede beelde nie.

## 2. Kies teen sonde

*(Lewende Woord)*

Mat 7:13-14

Die ingang na die hel toe is wyd, en die pad soontoe is 'n breë grootpad met baie mense daarop. Maar **julle moet deur die smal deur ingaan**. Want dit is 'n **nou paadjie** wat na die lewe lei. Die deur waardeur 'n mens ingaan**, is smal, en dit is min mense wat hom kry.**

## 3. Blymoedig

*(Afrikaanse ou vertaling)*

Fil 4:4-8

***Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!***

Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby.

Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.

En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.

Verder, broeders, alles wat *waar* is, alles wat *eerbaar* is, alles wat *regverdig* is, alles wat *rein* is, alles wat *lieflik* is, alles *wat loflik is*—watter *deug* en watter *lof* daar ook mag wees, *bedink dit*.

*(New King James Version)*

Phil 4:4-8

***Rejoice in the Lord always. Again I will say, rejoice!***

Let your gentleness be known to all men. The Lord is at hand.

Be anxious for nothing, but in everything by prayer and supplication, with thanksgiving, let your requests be made known to God;

and the peace of God, which surpasses all understanding, will guard your hearts and minds through Christ Jesus.

Finally, brethren, whatever things *are true*, whatever things *are noble*, whatever things *are just*, whatever things *are pure*, whatever things *are lovely*, whatever things are of *good report*, if there is *any virtue and if there is anything praiseworthy--meditate on these things*. 9The things which you learned and received and heard and saw in me, these do, and the God of peace will be with you.

## 4. Is dankbaar

*(Lewende Woord)*

Psa 100:4 Gaan by sy tempelpoort in **met 'n danklied** en sing lofliedere as julle in sy heiligdom kom. **Dank Hom** en prys Hom.

*(New King James Version)*

Ps 100:3 Enter into His gates with **thanksgiving and His courts with praise**

**Fil 4:11-13**

Nie dat ek dit uit gebrek sê nie, want ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is. *12* Ek weet om verneder te word, ek weet ook om oorvloed te hê; in elke opsig en in alle dinge is ek onderrig: om versadig te word sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly. *13* Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.

**5. Diensbaar**

**6. Is lief vir die Here se teenwoordigheid…intimiteit**

*(Afrikaanse ou vertaling)*

Exo 33:11 Dan spreek die HERE met Moses van aangesig tot aangesig soos 'n man met sy vriend spreek. Daarna gaan hy na die laer terug; **maar sy dienaar Josua, 'n jongman, die seun van Nun, het hom nie uit die tent verwyder nie.**

*(Afrikaanse ou vertaling)*

Psa 84:10 **Want 'n dag in u voorhowe is beter as duisend;** ek wil liewer by die drumpel staan in die huis van my God as om te woon in die tente van goddeloosheid.

Joh 3:6-8

Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees. Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie. **Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is.**

## Lewende water

*(Afrikaanse ou vertaling)*

Joh 7:38-39

Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo